

Saterdag 26 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:13

Die bestaan van die wêreld berus op die werk van die Lam

Die toepassing van die ontvang en oopmaak van die boek uit God se hand is dat Jesus Christus die Goddelikheid en krag het om regering uit te oefen oor alles wat in tyd en ewigheid gebeur. Daarom val almal in die hemel op hulle gesigte neer toe Hy die boek neem om dit oop te maak.

Al hierdie dinge wat daar in die hemel gebeur, vat die oorwinning van Jesus Christus saam: die feit dat Jesus sy lewe afgelê het, opgestaan het uit die dood en dat Hy daarna hemel toe gevaar het. Die Lam is op die aarde geslag, maar het toe na die hemel toe gegaan en daar is Hy 'n Leeu wat met krag en mag regeer.

Uit die hemel bepaal Hy die wêreldgeskiedenis en regeer Hy nou daaroor. Sy almag word ondubbelsinnig en duidelik gestel deur die feit dat almal in die hemel Hom aanbid, en aan Hom as die God van die geskiedenis die eer gee.

Jesus is Leeu en Lam. Die Leeu kom om te verskeur, want die tyd van genade gaan verby. As die Here Jesus Christus op die wolke terugkom, gaan Hy beslis geen weerstand teen Hom duld nie. Dan voltrek Hy die eindoordeel en maak Hy die finale skeiding tussen alle magte in die hemele en op die aarde.

Die Lam het die versoeningswerk gedoen. Hy het genade gegee aan almal wat glo. Hy bid elke dag vir ons en Hy maak plek gereed waar Hy ons in die hiernamaals gaan ontvang.

Ons verwag nie meer die Lam nie. Sy werk is gedoen. Ons wag nou vir die Leeu wat die ewige lewe oor ons gaan laat aanbreek.

Sing: Skrifberyming 18-3:7

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)